Tjokkies Preprimêr
TEL: 051-522 3628
preprim@tjokkies.co.za

Kw. 2 NUUSBRIEF 3
5 Junie 2025

# Tjokkiebrief



## GHOLFDAG-PROJEK AFGEHANDEL!

Ons is baie dankbaar om te kan sê dat vanjaar se Tjokkie-Itec Gholfdag weereens 'n groot sukses was. Danksy die harde werk en toewyding van die Gholfkomitee asook al ons ouers se ondersteuning, is die groot bedrag van **R144 000.00** ingesamel, wat direk teruggeploeg gaan word in ons skool en ons kleuters.



'n Spesiale dankie aan Ettiene Matthys, oud-Tjokkie ouer, wat steeds betrokke is en jaarliks vir ons leiding neem, asook aan ITEC, ons hoofborg.

So 'n projek kan nie suksesvol wees sonder ons borge, die personeel, ons sekretaresse, die Gholfkomitee, die Sosiale Komitee en elke Tjokkie-ouer se toewyding en bydraes nie.



***Daarom, weereens baie dankie vir elkeen se lojale ondersteuning!!***

***Sien asseblief die lys van borge en donateurs en ondersteun hul gerus!***




Namens die BEHEERLIGGAAM dra ons ook hul dank en gelukwense aan u as Graad RR en R-ouers oor.

Spesiale dank aan Schoemanpark Gholfklub wat uit hul pad gegaan het om die dag vir ons aangenaam te maak.

## Naaste-aan-die-pen Pryswenners!

**Blouklas:** Gouws Prinsloo (Carien) - Hole in one
Bernette Edwards (Alex) - Hole in one

**Groenklas:** Ben Scribante - Hole in one
Sannette Schuin (Eben) - Hole in one

**Geelklas:** William v Rooyen (Miané) - 9 cm

**Rooiklas:** Danie v Wyngaard (D'Niel) - Hole in one

**Oranje klas:** Wilna Minnaar (Jayden) - Hole in one

Eerstens baie dankie aan almal wat deelgeneem en saam gespeel het, asook die gesindheid waarmee hierdie projekte ondersteun is, ons het groot waardering daarvoor.

Pryse kan in die kantoor afghaal word.

## Gholf borg-speletjie trekking

### Borgspeletjievorm wenners

**Blouklas:** Retha Jacobs (Caleb Rourke)


**Groenklas:** Heila Bezuidenhout (Emma-Lee Pietersen)

**Geelklas:** Frik Botha (Marni Nel)

**Rooiklas:** Gert Lessing (Roeliez Louw)

**Oranje klas:** Marietjie Smith (Marichen Smith)

Kom haal gerus die pryse by die kantoor af.



# Tjokkie- ITEC Gholfdagverslag


## GHOLFDAG WENNERS:


**Die eerste plek op die dag is behaal deur Ockie van Zyl en Karlien Badenhorst.**

'n Groot aantal spelers op hierdie dag is Tjokkie ouers, oud Graad R-ouers en jarelange ondersteuners. Ons is bly dat byna almal met 'n prys kon wegstap.





| Gholfdag 2025 Finansies | |
|---|---|
| Borge, Donasies & Spelers | R 117,300.00 |
| ITEC Borgskap | R 17,000.00 |
| Gholfspeletjie | R 39,218.93 |
| Naaste aan die pen | R 4,130.00 |
| Kruiwa Lootjies (Baan) | R 6,050.00 |
| Veiling | R 13,900.00 |
| **Totaal:** | **R 197,598.93** |
| **Uitgawes:** | **R 53,598.93** |
| **Wins** | **R 144,000.00** |




















# KLEUTER GHOLFBAAN-UITSTAPPIE

Die kleuters het weer vanjaar op 'n uitstappie na die gholfbaan gegaan, wat 'n groot hoogtepunt vir elkeen was! Dit is vir hulle baie lekker om in die groot busse te ry en vir baie was dit 'n eerste keer!

Op die gholfbaan, met die uitgestrekte ruimtes, kronkelpaadjies, groen setperke en hoë bome het die kleuters nuwe ervarings beleef. Ná die lang stap het almal aan heerlike kossies gesmul. Daar is ook beurte gemaak om op die gholfkarretjies te ry, dit was groot pret!

**Wat 'n heerlike dag!!**

















# Naaste-aan-die-pen

Die personeel van die Primêre Skool ondersteun ons jaarliks tot groot vermaak van die kleuters!














# TENTE-EN WORSBRAAI DAG





## Onthou Vrydag is Tentedag!

U het al die inligting op ons Kleuterskool Community groep ontvang, kyk asb weer daarna.

## Gholfkomitee afsluiting

Vrydag, 13 Junie vanaf 13:15 by Schoemanpark Gholfklub

## Veiligheid

Veiligheid en sekuriteit by Tjokkies is ons grootste prioriteit. Die skool beskik oor 'n Veiligheidskomitee wat verskeie belanghebbende persone en instansies rakende buurt-veiligheid betrek in belang van elke Tjokkie-leerder van Gr RR tot Gr 7.

Wees altyd waaksaam en bemagtig u kleuter mbt veiligheid. Neem ook verkeersveiligheid in en om die skoolterrein in ag.

## Woensdag, 25 Junie is Warm Woensdag!!

Woensdagoggend wanneer kleuters skool toe gebring word kan ouers 'n bekertjie warm "hot chocolate" by die hek geniet. Hierdie gebaar is om dankie te sê vir ons Tjokkie-ouers se ondersteuning vir ons Gholf-fondsinsamelingsprojek.



Vir die kleuters is dan ook 'n pantoffel-dag, hul mag dus met pantoffels skool toe kom.

## Bederfdag via Karri

Kwartaal 2 se R100 fooi is reeds betaalbaar via Karri app. Sal u asb seker maak dat die bedrag vereffen word. Elke kleuter geniet hierdie bederf en elke kleuter se geldjie daarvoor moet ge-in word.




Dankie vir u begrip


## Kopneute



Hierdie gediertetjies steek van tyd tot tyd kop uit en ons verneem dat dit tans hier en daar in die stad voorkom, maar het dit nog nie hier by Tjokkies opgetel nie. Ons rig dus net 'n versoek dat u daarna sal oplet en voorkomend sal optree.




## Speelgoed



Soos reeds tydens die ouervergadering genoem, beskik Tjokkies oor geen minderwaardige speelgoed vir ons kleuters nie. Ons vind egter dat daar kleuters is wie se opvoeding kortkom met betrekking tot respek vir speelgoed. Hiermee versoek ons dat ouers die saak met hul kleuter sal opneem om die kleuter bewus te maak hóé om met speelgoed te speel sodat Tjokkies se speelgoed nie sal breek nie asseblief. Kleuters speel soms tussen ander maatjies anders as by die huis. Baie dankie.

## Wintertyd

**Kleuters moet van nou af met langbroek en skoene skool toe kom en dit aanhou vir die skooldag.**



## Personeel uitstedig

Op Vrydag, 20 Junie is die Kleuterskool personeel uitstedig vir jaarlikse groot aankope. Daar sal toesig by die skool wees. Skooltye is soos normaal, maar indien u dit verkies mag u kleuter vir die dag tuis bly. Baie dankie.





*Die skool sluit vir die kwartaal op Vrydag, 27 Junie om 10:00 en heropen weer op Dinsdag, 22 Julie.*



# Tjokkies-ITEC Gholfdag

2025

*Baie dankie aan ons borge - ondersteun hulle gerus.*

## Borge

ITEC
Adviro Makelaars
Budget Shop
Cartrack
CORE Bloemfontein
Goldco Spares
Goosehill
KIA BFN
L&Minium and Security
Libra Makelaars
Samba
Stellantis
Stoney's Wheel & Tyre
TATE Transport
Taxlab
Teambo Facilitators
Traxdor/Tempe Glass & Aluminium

## Donasies

Bloem Sound & Lights
Gert Jordaan
Goosehill
JoubertSupplies
Kaltire
Make-a-price
RSD Rugby
Ryno Pienaar –
Pine Auto Electrical
Sanitech
Tjokkie ouers
Vicky

## Geskenkbewyse

Bester Butchery
BiCo
Boet en Sus
Engen Curie Park
FJ Mobile Car wash
Hannes Houtman
Jumperslane
Kandirri Game Lodge
Kannete PTY (LTD)
Nini's Self Catering Guest Units
Overland Bloemfontein
Peregrine Capital
Pretty Garden Tuinsentrum
Protea Hotel
Reno Service Centre
Stoneys Wheel Alignment
The Mustard Seed Guesthouse
TheTreatmentroom @ Pure Indulgence
Tjokkie ouers
Wiseman Group

## Goodie bags

FBI Chef Skool
Free State Meat Wholesalers
Just Beauty
Koos se Kombuis
Pikkieland Dagsorg
PSG Wealth - Eben Rautenbach
Renew Irrigation
Tjokkie ouers
VR MED

## Pryse

Action Sport
Akacia Medical & Pioneer
At The Office Curie Ave
Bothma Consulting
Budget Shop
Build it Emily Hobhouse Square
CP Reyneke
Dave's Meat Market
Du Plessis Attorneys
Engeti Security Systems
Fireworld BFN
George Reid
Heinz Krause Safari's
Hollard Versekering
ITAU
Kannete PTY (LTD)
Klein Begin
Kleynhans Wood
LBR Konstruksie
Mimosa blomme
Muddplein Spar
Oilflow Lubricants
Pelser Properties
Plaashartjie
Renier van Niekerk
Rudi Botha
Ruan Pienaar
SABAT Batteries
SAG (Smith Auto Group)
The Country Club
Tjokkie ouers
Tjokkies Primêre Skool
Unique designs/Unique Steel Worx
VDB Trust
Waldorf
Wanye & Rhoa Jacobs
Wiseman Group
Zest Gift Shop
ZK Intelligent Solutions